

|  Voorkoming van 'n brand: Masjinerie en aanlegte      | Ja                       | Nee                      |
|--|--------------------------|--------------------------|
| Ondergaan alle masjinerie en aanlegte gereelde geroetineerde instandhouding?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word motors en die masjinerie se bewegende dele skoongehou om oorverhitting te verhoed?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word ontlugters op motors vry van enige blokkasies gehou sodat verkoelde lug kan sirkuleer?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word dripbakke voorsien en gereeld skoongemaak?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word olielekke en -drup deur gepaste absorberende materiaal (d.w.s. nie saagsels nie) geabsorbeer?                                 | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word voldoende skoonmaaktoerusting, soos afveedoekies en lappe, voorsien sodat stortsele vinnig in die werkplek opgeruim kan word? | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word daar op die regte manier van afveedoekies en lappe ontslae geraak?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
|  Voorkoming van 'n brand: Instandhouding van geboue | Ja                       | Nee                      |
| Word elke toegangspunt tot die terrein en geboue teen indringers beskerm?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word alle deure, vensters en hekke aan die einde van die werkdag gesluit en beveilig?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word interne brandwerende deure ten alle tye toegehou?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word geboue gereeld vir skade en verwerping geïnspekteer?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word die gronde rondom die geboue skoongehou van ontvlambare afvalmateriaal en plantegroei?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
|  In die geval van 'n brand: Skadebeheer             | Ja                       | Nee                      |
| Om die moontlikheid van waterskade te verhoed, kan goedere só geberg word dat hulle nie aan die vloer raak nie?                    | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| In geval 'n brand sou uitbreek, het die onderneming gebeurlikheidsplanne in plek om ontwrigting te beperk?                         | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word afskrifte van gebeurlikheidsplanne, rekords, rugsteun-diskette en dokumente veilig in 'n ander gebou bewaar?                  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |



CITY OF CAPE TOWN  
ISIXEKO SASEKAPA  
STAD KAAPSTAD



**Noodnommers:**  
**107**  
(vanaf 'n landlyn)  
**021 480 7700**  
(vanaf 'n selfoon)

Hierdie kontrolelys is deur die Stad Kaapstad se afdeling vir brandveiligheid saamgestel.  
Hierdie kontrolelys is ook beskikbaar in Engels en Xhosa.  
Laat weet ons gerus indien u die kontrolelys in 'n ander taal wil ontvang.



CITY OF CAPE TOWN  
ISIXEKO SASEKAPA  
STAD KAAPSTAD





Maak vooruitgang moontlik. Tesame.






**BRAND- EN  
LEWENSVEILIGHEID**

**KONTROLELYS VIR DIE  
WERKPLEK**



Maak vooruitgang moontlik. Tesame.

|  <b>Voorkoming van 'n brand: Goeie huishoudingspraktyke</b>      | <b>Ja</b>                | <b>Nee</b>               |
|---|--------------------------|--------------------------|
| Hou almal hulle werkplek netjies?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word ontvlambare afval en vullis daaglik uit die werkplek verwyder?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word die afval in 'n veilige, beveiligde plek (d.w.s. 'n plek wat nie vir die publiek toeganklik is nie) gehou vanwaar dit afgehaal kan word? | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Is die verbranding van vullis op die terrein verbode?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| In produksie-areas, word werkbanke, skermroosters, vervoerbande en soortgelyke plekke stof- en vullis-vry gehou?                              | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word pype, geute, balke, kappe en elektriese ligtoebehore skoongehou?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word afvalmateriaal en ontvlambare items (d.w.s. houtpalette, kartonbokse, ens.) in areas buite die geboue opgeruim?                          | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
|  <b>Om van 'n brand te ontsnap</b>                             | <b>Ja</b>                | <b>Nee</b>               |
| Is alle deure oopgesluit en kan hulle tydens werksure van binne oopgemaak word?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Is alle ontsnappingsroetes duidelik met uitgangstekens gemerk deur van die "hardlopende mannetjie"-simbool en rigtingpyle gebruik te maak?    | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word alle ontsnappingsroetes nóg van binne nóg van buite versper?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word "in geval van brand"-kenningsgewings duidelik oral in die werkplek vertoon?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Is 'n veilige vergaderplek vir werknemers buite die gebou geïdentifiseer?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Weet werknemers wat om te doen indien 'n brand ontdek word of wanneer die brandklok sou lui?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word werknemers op 'n deurlopende en gereelde basis in brandprosedures onderrig?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Is brandbeambtes of -spanne aangestel en in hulle pligte opgelei en word gereelde brandoefeninge gehou?                                       | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
|  <b>Brandopsporing en alarmstelsels</b>                        | <b>Ja</b>                | <b>Nee</b>               |
| Is daar 'n outomatiese brand- of rookopsporing- en alarmstelsel?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word die brandklok gereeld getoets en in stand gehou?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Is daar 'n prosedure om die brandweer te kontak:  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| • gedurende die werkdag?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| • wanneer die persele gesluit is?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Ken alle personeellede die noodnommer 107?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Is die brandklokstelsel regstreeks met die brandweer verbind?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word die brandklokstelsel, en al sy komponente, deurlopend gemonitor?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Verskil die toon van die brandklok van dié van die diefalarm?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
|  <b>Brandbeveiligingstoerusting</b>                          | <b>Ja</b>                | <b>Nee</b>               |
| Word geskikte en voldoende brandbestrydingstoerusting oral in die werkplek voorsien en word dit jaarliks versien?                             | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Is werknemers opgelei in die korrekte gebruik en bediening van die brandbestrydingstoerusting?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word alle brandblussers, brandslangtelle en outomatiese sprinkelblusstelsels ens. gereeld deur 'n SABS-geregistreerde persoon geïnspekteer?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word daar gereeld gekontroleer dat geen toerusting ontbreek of beskadig is nie?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word alle vuurpunte met simboliese tekens aangedui en is toegang tot hierdie punte onbelemmerd?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |

|  <b>Voorkoming van 'n brand: Pakruimtes</b>  | <b>Ja</b>                | <b>Nee</b>               |
|---|--------------------------|--------------------------|
| Word alle pakruimtes met brandwerende mure en deure van die res van die gebou afgeskei?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Is toegang tot pakruimtes beperk tot diegene wat werklik toegang daartoe nodig?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word pakruimtes na afloop van die werkdag vir brandgevaar geïnspekteer?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Is daar oop ruimtes rondom rakke en stapels gebergde materiaal en word daar voorsiening gemaak vir voldoende spasie tussen-in?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word opgestapelde goedere tot laer as 3 m beperk in geboue sonder sprinkelblussers?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word stapels en rakke só gerangskik dat sprinkelblussers se koppe en brandverklikkers nie belemmer word nie?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Is stapels en rakke stabiel en is dit onwaarskynlik dat hulle sal meegee indien 'n brand sou ontstaan?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word ontvlambare materiale in die regte plek geberg en word daar verhoed dat uitermatige hoeveelhede ontvlambare materiale in die verwerkingsarea aangehou word?        | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
|  <b>Voorkoming van 'n brand: Vloeibare petroleumgas (LPG)</b>                        | <b>Ja</b>                | <b>Nee</b>               |
| Word alle LPG-silinders veilig geberg in 'n eksterne omheinde kamp wat minstens 3 m vanaf geboue of grensdrade is?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Is die area ten alle tye gesluit en word dit slegs gebruik om LPG-silinders te berg?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Is u LPG-installasie deur die plaaslike owerheid goedgekeur?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word waarskuwingskenningsgewings, wat rook en oop ligte verbied, prominent vertoon?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word silinders met hulle kleppe in 'n regop-posisie gestoor?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word 'n DCP-brandblusser (minstens 9 kg) in die nabyheid van die silinders aangehou?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Moet silinders se kleppe ten alle tye toegehou word wanneer die silinder nie in gebruik is nie?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Behoort silinders op stowe of verwarmingsplate geplaas te word?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
|  <b>Voorkoming van 'n brand: Vlambare vloeistowwe</b>                                | <b>Ja</b>                | <b>Nee</b>               |
| Word alle voorraad vlambare vloeistowwe in doelgemaakte store vir vlambare vloeistowwe gehou?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word die vlambarevloeistofstoor met kentekens aangedui en sorg u dat dit skoon, netjies en goed geventileer is?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word die hoeveelheid vlambare vloeistowwe wat in die werkplek gebruik word, tot die minimum beperk en, indien nie langer nodig nie, na 'n veilige bergplek teruggeneem? | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word ontvlambare vloeistowwe weggehou van alle moontlike ontbrandingspunte?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word geskikte vonkbestande gereedskap en ligtoebehore voorsien vir gebruik in plekke waar ontvlambare dampe dalk kan ontstaan?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
|  <b>Voorkoming van 'n brand: Die verhitting en beligting van ruimtes</b>           | <b>Ja</b>                | <b>Nee</b>               |
| Word daar gesorg dat materiaal nie op of naby verwarmers gelaat word nie?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word alle verwarmers en ligte afgeskakel voordat die onderneming sy deure sluit?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
|  <b>Voorkoming van 'n brand: Rook</b>  | <b>Ja</b>                | <b>Nee</b>               |
| Is rook in alle areas, behalwe dié wat daarvoor aangewys is, verbode en word rookbeleide streng toegepas?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| In areas waar rook wel toegelaat word, word geskikte metaalbakke voorsien?  | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| Word asbakke en houers minstens een keer per dag of, indien nodig, meer dikwels leeggemaak?   | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |